# KERKWEES 200: VERLEDE, HEDE, TOEKOMS

## Herdenk, hervorm, hoop

> *Omdat ek God se bystand tot op hierdie dag ervaar het, staan ek voor klein en groot, en getuig oor niks anders as wat die Profete en Moses gesê het sal gebeur nie, naamlik dat die Christus moes ly, en die eerste uit die opstanding van die dooies moes wees, om aan sy volk en aan die heidene die lig te verkondig.* (Hand 26:22-23, AFR2020)

Geliefdes in die Here

In 2024 herdenk die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika twee eeue van selfstandige kerkwees in Suider-Afrika, onafhanklik van 'n moederkerk in Nederland en bewus van 'n eie identiteit en roeping hier aan die suidpunt van Afrika. Hierdie gesamentlike herdenking is 'n kragtige getuienis van die onderlinge verbondenheid wat tussen ons as kerke bestaan.

Op 2 November 1824 het ds Meent Borcherds van Gemeente Stellenbosch die eerste "Algemeene Kerkvergadering" ('n sinode) in Kaapstad geopen, met Handelinge 26:22-23 (hierbo) as teksvers vir die prediking. In die teksgedeelte verwys die apostel Paulus na God se sorg in die verlede, sy roeping in die hede om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, en die hoop en lig wat dit vir die nasies bring. Met die 200-jarige herdenking van die eerste sinodale vergadering wat in Suider-Afrika plaasgevind het, gaan dit daarom nie vir ons net oor die verlede nie, maar ook oor ons roeping in die hede en die hoop waarmee ons die toekoms tegemoet gaan.

Die **herdenking** van hierdie eerste Algemene Kerkvergadering aan die Kaap, herinner ons daaraan dat almal wat in die daaropvolgende twee eeue deel sou uitmaak van die Hervormde of Gereformeerde kerktradisie in Suider-Afrika, deel is van één breë kerkfamilie. Dit bied aan ons geleentheid om met dankbaarheid te onthou dat God self die kerk bewaar, vermeerder en laat groei. Ons onthou duisende ampsdraers en lidmate wat hul lewens in diens van God se koninkryk gestel het. Ons is dankbaar vir hul geloof, gawes en toewyding waardeur God die evangelie van Jesus Christus wyd oor die Afrika-kontinent laat weerklink het.

Tegelykertyd is dit ook 'n geleentheid vir introspeksie en verootmoediging met die oog op deurlopende **hervorming** in ons kerke. Ons moet bely dat 'n liefdelose optrede jeens mekaar en ons naaste ook tot kerklike verdeeldheid gelei het en die liefde van God in ons land verduister het. Maar die evangelieboodskap dat ons met God versoen is en dat Hý geregtigheid herstel en heling bring, bied aan ons die geleentheid om nou eenheid in ons Gereformeerde kerkfamilie na te streef en uit te bou. Hoewel hervorming institusioneel moeilik mag wees, dui dit ook op 'n organiese herstel, soos die heling van 'n liggaam en

nuwe lewe wat dit bring. Dít is nou in ons kerke nodig, maar ook in die Suider-Afrikaanse samelewing.

Ons kyk nie net met dankbaarheid terug en is verbind aan 'n helingsproses in ons lande nie; ons leef ook met **hoop vir die toekoms**. Ons glo en bely dat Jesus Christus die hoop vir die wêreld is, ook in Suider-Afrika. Vir ons gaan hoop nie net om vooruitgang en 'n beter lewe hier en nou nie; vir ons is die kerk 'n eskatologiese gemeenskap op weg na die nuwe Jerusalem wat God belowe het, 'n koninkryk wat Jesus Christus naby gebring het – dít is die boodskap van hoop wat ons wil verkondig.

Ons nooi julle as medegelowiges, kollegas en gemeentes uit om mee toe doen aan hierdie **herdenking van 1824** se "Algemeene Kerkvergadering". Die volgende geleenthede is reeds deel van ons beplanning:

- 'n Bewusmaking van en **herinnering** aan die verhaal van ons familie van kerke uit die Reformasie, spesifiek rondom die afgelope twee eeue van ons kerkverband (Julie tot Oktober 2024).

- Voorbereiding en bekendstelling van drie **gedenkpublikasies** oor hierdie geskiedenis (Oktober 2024).

- **Sondag 27 Oktober 2024 – Hervormingsondag:** 'n Gedeelde teks en liturgie vir eredienste sal vir gemeentes oral oor Suider-Afrika beskikbaar gestel word. Die ideaal is dat gemeentes van verskillende kerkverbande hierdie geleentheid op plaaslike vlak saam sal vier.

- **Saterdag 2 November 2024 – Konferensie in Kaapstad:** *Kaapsche Kerk, 1824-2024* met voordragte en 'n publikasie. Vir meer besonderhede, gaan na:

  https://www.kerkargief.co.za/nuus/kaapkerk200/

- **Sondag 3 November 2024 – Twee gedenkdienste** (om 10:00 in die Groote Kerk in Kaapstad, en om 16:00 in die Hervormde Kerk Pretoria-Oos), met dieselfde historiese teks uit Handelinge 26 en gedeelde liturgiese elemente, gelei deur die voorsitters van die Algemene Sinode Moderamen (NGK) en Algemene Kerkvergadering (NHKA). Daar word beplan om hierdie twee eredienste lewendig te stroom sodat lidmate, ampsdraers en gemeentes oral in Suider-Afrika daarin kan deel.

- **Dinsdag 5 en Woensdag 6 November 2024 – Konferensie by die NHKA Gemeente Pretoria-Oos:** *Kerkwees 200: Verlede, hede en toekoms* met 'n verskeidenheid akademiese referate. Meer besonderhede kan bekom word by:

  kerkwees200@gmail.com

Daar is in ons beplanning ruimte vir plaaslike inisiatiewe in en gesamentlik tussen gemeentes, en ook moontlike projekte wat uit hierdie herdenking mag voortvloei, in 2025 en verder. Nou nooi ons almal eers uit om vir 'n wyle stil te staan, saam terug te kyk en ons af te vra wat die werklike betekenis van daardie eerste byeenkoms van ons kerkfamilie was – toe en nou en in die toekoms. Wanneer ons dan in die geestesoog terugkyk na daardie historiese kerktoring in Kaapstad – op ons briefhoof hierbo uitgebeeld – waar

veertien gemeentes, dertien leraars en tien ouderlinge in November 1824 vergader het, lees ons opnuut die woorde van Paulus:

> *Omdat ek God se bystand tot op hierdie dag ervaar het, staan ek voor klein en groot, en getuig oor niks anders as wat die Profete en Moses gesê het sal gebeur nie, naamlik dat die Christus moes ly, en die eerste uit die opstanding van die dooies moes wees, om aan sy volk en aan die heidene die lig te verkondig.* (Hand 26:22-23, AFR2020)

Laat ons dít saam **herdenk**; laat dít ons **hervorm** tot nuwe lewe; en laat ons saam hieruit **hoop** put.

Meer besonderhede oor die onderskeie herdenkingsgeleenthede volg aanstons. Vir navrae daaroor kan ons onderskeie sinodale kerkkantore ook gekontak word.

Groete in Christus die Here

**Ds Jan Lubbe**
**Voorsitter: Algemene Sinode Moderamen**
**NG Kerk in Suider-Afrika**

**Prof Wim Dreyer**
**Voorsitter: Algemene Kerkvergadering**
**Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**

